

Saterdag 25 November

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14

Fokusgedeelte: Lukas 18:13

Die opregte gebed van 'n sondaar

Twee manne gaan bid. Hulle verteenwoordig twee teenoorgestelde groepe mense in die Joodse lewe. Die eerste een is in sy eie oë godsdienstig onberispelik. Die ander een, 'n uitge-worpene in die oë van die samelewing. Die eerste een bid hoogmoedig en spog met homself en sy dade. Hy sien homself beter as ander mense. Die tweede een ken sy sonde, maar smeek God om genade. Die woord Fariseër beteken "hulle wat afgesonder is". Hulle was die professionele godsdienstige mense van hulle tyd. In hulle ywer om heiligheid en geregtigheid te bekom, het hulle iets soos 248 godsdienstige wette en 345 verbodsbepalings by die tien gebooe gevoeg. Dit het elke aspek van hulle lewens geraak, van watter klere hulle mag aantrek tot hoe hulle hul hande was. Tollenaars, daarenteen, is met minagting behandel. In die oë van die Jode is hulle die uitvaagsels van die samelewing. Hulle is as oneerlik en korrup beskou en hulle is gehaat vir die swaar belastinge wat hulle met die goedkeuring van Rome ingesamel het. 'n Bedrieër, eiegeregtig, volksverraaier. Die tollenaar is skaam, want sy sondes was in sy oë geweldig. Só erg was sy sonde vir hom dat hy nie eers die tem-pelgebou wou binnegaan om te bid nie. Hy bly ver van God staan. Hy wil nie eers na die hemel opkyk nie, want hy weet dat hy in die teenwoordigheid van die heilige God staan, die kenner van die mens se hart. Hy staan daar nederig in sondebeseft en wanhoop. Die sondigste van sondaars. Hy weet egter by God is daar hoop en genade. Paulus sê later: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. Jesus beklemtoon in sy uitspraak dat die tollenaar guns in die oë van die Here gevind het (vs 14): "Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word." Die tollenaar se opregtheid staan teenoor die Fariseër se eiewaan. Sy sondes is vergewe. Jesus Christus vergewe ons en versoen ons deur sy kruisdood met die hemelse Vader. Ons is verseker dat ons Vader ons sondes vergewe om Christus wil. Dank Hom elke dag vir sy genade.

Sing: Psalm 18:1, 12

Ds. Willem Vogel (Cachet)